**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 5: DIE VAKWETENSKAP EKONOMIE (1)**
(Definisie, aard, vertakkinge en benaderings tot Ekonomie)

*Lees die onderstaande probleem en antwoord die vrae wat daarop volg:*

Die eiland Ipana aan die weskus van Afrika, word regeer deur ’n diktator Timpi Mapimpi. Ipana het heelwat ekonomiese probleme, wat die (a) ekonomiese ontwikkeling van die eiland strem. Daar word (b) baie min verbruikersgoedere geproduseer. Die meeste verbruikersgoedere word ten duurste (c) van die buiteland af ingevoer. Die waarde van (d) die geldeenheid, die Ipa is baie laag teenoor buitelandse geldeenhede wat alle invoere duur maak. (e) Landbouproduksie is ook laag, wat soms tot voedseltekorte lei. Baie van die probleme is te wyte aan Timpi wat belasting teen hoë koerse hef en ’n groot deel van die eiland se (f) belastinginkomste gebruik om homself, sy familie en vriende te verryk. Omdat voedselsekerheid belangrik vir die eiland is, het die Wêreldbank ekonome aangestel om ondersoek te doen na die landboukomponent van die ekonomie.

1 Waarom moet ’n wetenskaplike studie van hierdie ekonomiese vraagstukke gedoen word?

______________________________________________

______________________________________________

2 Watter produksievraagstuk is by elk van (b), (c), (e) en (f) betrokke?

(b) ______________________________________________

(c) ______________________________________________

(e) ______________________________________________

(f) ______________________________________________

3 Watter vertakking van Ekonomie is by (a), (c) en (d) betrokke?

(a) ______________________________________________

(c) ______________________________________________

(d) ______________________________________________

4 Dui aan of die volgende ’n mikro- of makro-ekonomiese ondersoek behels:

4.1 ’n Ondersoek na die welstand van vroulike verbruikers op Ipana. ______________________

4.2 ’n Vergelyking van die gemiddelde welvaart van inwoners van Ipana, met die gemiddelde welvaart van die buureiland Kapano. ______________________________

4.3 Bepaling van die jaarlikse produksie van al die fabrieke en plase op Ipana.

______________________________________________

5 Wat is die einddoel met die ekonomiese navorsing van die toestand op Ipana?

______________________________________________